24 Januarie 2023

Familienuus 429

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Wat 'n vreugde om van kollegas te hoor dat eredienste voller raak, dat die jeugbediening moet hardloop om by te bly en dat daar nuwe energie by kerkrade, projekspanne en lidmate is. Dis 'n voorreg om in diens van die Lewende Here te wees. Dit bly inspirerend om 'n erediens te kan lei, te kan bid en sing en die Woord te kan bedien. Dit bly 'n ongelooflike ervaring dat mense ons in hulle vertroue neem oor baie diep persoonlike dinge.

Mag ons, wat diep betrokke is in die kerk van die Here, steeds met verwondering en met oorgawe dien.

In die Sinodehuis bid ons gereeld hiervoor…

GEMEENTES EN LERAARS

Januarie is 'n besige maand in die lewens van ons kollegas:

Ons het 'n aantal leraars wat einde Januarie emeriteer: **Jurgens de Jager** en **Eddie le Roux –** beide van **Witrivier** – en **Hannes Grobler** van **Witbank-Vallei**.

Frikkie en Rayline Coetzee van Lux Mundi se dogter, Andreia, is verlede week in die Intensiewe Sorgeenheid van die hospitaal opgeneem. Dit gaan bietjie beter maar ons bid steeds vir haar en haar gesin.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za . Die jaar se programme word hier uiteengesit.

Bybel-Media se Woord en Fees program vir die erediens word hier bekend gestel.

Trauma Netwerk vertel ons van die geleentheid vir opgeleide beraders om deel van die netwerk te word.

'n Jeug-fasiliteringwerkswinkel word vir 11 Februarie beplan – vir almal wat op een of ander wyse met kinders en jongmense werk. Dit word by Kameeldrif-gemeente aangebied.

Missie Japan vertel ons van nuwe verwikkelinge in hierdie bediening.

CMR Carolina deel hulle nuusbrief met ons.

CMR Gauteng-Oos het vir ons hierdie pleidooi vir pleegouers gestuur. Maak hierdie saak asseblief bekend in gemeentes.

Verslawing as 'n verwoester is die aanlyn- kursus wat deur Wentzel Coetzer aangebied word.

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Ons maak weer so. Die week direk na Pinksterfees – **29 Mei tot 2 Junie** - gaan ons Skukuza toe vir ons jaarlikse asemskep en toerusting oor 'n aktuele onderwerp. Die Sinodale Diensraad finaliseer tans die spreker en tema vir 2023.

Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor.

Aangeheg is die skrywe met inligting asook die inskryfvorm.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Op **3 Maart** word die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gehou.

Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

Die Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid.

Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2023, "*Ek het van julle geloof gehoor",* is gekies deur die vroue van Taiwan.

Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 3 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed. Vir volledige inligting, *lees hier.*

UIT ONS SINODEHUIS

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Aan die begin van die jaar word daar oor **begrotings, vergoedingspakkette en personeel** gepraat. Ons webwerf het die nuutste inligting hieroor. Skakel ook gerus met Cathy Odendaal in die Sinodehuis.

Die **Predikante en Amptenare Pensioenfonds** het verlede jaar 'n skrywe gestuur oor die reëling dat elke gemeente as werkgewer met lede van die Pensioenfonds is sy diens, maandeliks R100 betaal om die begroting van die Pensioenkantoor te befonds. Baie dankie aan ons gemeentes wat dit reeds doen. Ons het nog 'n klompie gemeentes en CMR kantore, Rusoorde en verwante instansies wat hierdie oorbetaling nie doen nie. Sal julle asseblief dadelik hieraan aandag gee? Ons heg verlede jaar se skrywe weer hier aan. Die bankbesonderhede is ook in hierdie skrywe.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 6 Februarie verjaar.

PREDIKANTE

24 Januarie - Hannes Grobler, Witbank-Vallei
24 Januarie - PC Pretorius, Moreletapark
24 Januarie - Petro du Toit, Kloofsig
3 Februarie - Jorrie Potgieter, Lynnwoodrif
4 Februarie - Lizari Dippenaar, Ermelo-Oos

EMERITI

24 Januarie - Billy Kendall, Letsitele 1999
24 Januarie - Christo de Klerk, Monumentpark-Wes 2012
28 Januarie - Wessel Bester, IRM Hefsiba 2001
3 Februarie - Piet Marais, Valleisig 2017
4 Februarie - Jan Coertze, Doornkloof 2006
4 Februarie - Malan Nel, UP Praktiese Teol 2005
5 Februarie - Christo Woite, kerksondermure 2019
5 Februarie - Sarel Visser, Moreletapark 2017
6 Februarie - Kobie Fourie, Elarduspark 2018
6 Februarie - Roelf van Niekerk, Piet Retief 2019

GEMEENTES

29 Januarie - Rayton (52)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.